

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
augustus 2022



Sonsondergang-indrukke

Lensopening: f32; Sluiterspoed: 4/5 sekonde; Fokale lengte: 70 mm

Miskien moet ons – fotografeer en nie-fotografeer – van tyd tot tyd bietjie stilstaan en dink waar ons in die lewe staan. Of, as jy wil, wat is die storie van jou lewe? Wat onthou jy van jare terug?

Byna almal van ons neem gereeld foto's. Gaan 'n keer deur jou ou foto's: Soek 'n klompie uit wat jou lewe, of meer spesifiek vir ons doël, jou fotografie-lewe, beskryf. Skep 'n aanbieding. Dit mag dalk vir jou self 'n openbaring wees, hopelik nie 'n ontugtering nie.

Foto's kan gebeur skerp terugbring; jou gedagtes daarenteen, is dikwels slegs indrukke, impressies. Hoe fotografeer jy indrukke? Dit is die hooftema van hierdie uitgawe van Fotografienuus.

Maar, ons staan nie net stil by die verlede nie. Ons kyk ook vooruit na die volgende paar maande. Lees dus in hierdie uitgawe meer oor ons komende jaarlikse foto-uitstalling, en ook oor Towerlantern se 15-jarige verjaarsdag teen die einde van 2022. Geniet alles saam.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.

Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.


Towerlantern Fotografie
- augustus 2022 -


voorbladfoto

Jy neem 'n mooi sonsondergang waar. Jy is op 'n plaas met jou kamera en jy het 'n oop horison. Jy sien die son ondergaan tussen 'n klompie bome. Hoe sal jy die toneel onthou? Skerp, met alle detail, of minder skerp, maar wel met die indruk van die sonsondergang?

Die voorbladfoto wys hoe jy 'n foto kan neem met gevoel as uitgangspunt en nie met detail nie. Vir vergelyking, die foto hierby is presies dieselfde toneel as die voorbladfoto, maar nou met alle detail (let op na al die fyn takkies). Wat wil jy onthou: die gevoel of die detail?

Wat die foto-inligting van die voorbladfoto betref, let op na die kombinasie van lensopening, f32, en sluiterspoed, 4/5 sekonde. Waarom nie 'n groot lensopening, byvoorbeeld f4 en 'n vinnige sluiterspoed, byvoorbeeld 1/500 sekonde nie? Ons kom by *Riglyne vir impressionistiese natuurfotografie* terug op hierdie saak.





UIT TOWERLANTERN FOTOGRAFIE SE GESKIEDENIS

2022
- 15 jaar oud -

Ons het verlede maand daarna verwys dat enige besigheid voortdurend met sy studente, kliënte of belangstellendes in kontak behoort te bly. In die geval van Towerlantern is dit met behulp van Fotografienuus.



Daar is egter nog ander maniere ook: Sedert April 2009 het Towerlantern reeds sy eie webblad. Kyk gerus hierna by: <https://www.towerlantern.co.za/>.

As jy meer wil weet van Towerlantern Fotografie as besigheid, waaronder die kursusse wat aangebied word, dan is hierdie die blad vir jou.

Towerlantern het ook 'n paar jaar gelede begin met die bedryf van sy eie Facebook-blad. Kyk hierna by <https://www.facebook.com/towerlantern/>. As jy op soek is na fotografie-wenke en ander idees, gaan maak 'n draai by dié webblad. Kyk uit vir die wolkebanier.

Van heel onlangs af is Towerlantern nou ook op Instagram. Ons plaas dieselfde inligting daarop as op ons Facebookblad. Maar volg ons gerus as jy op Instagram is. Die skakel is <https://www.instagram.com/towerlanternfotografie>.

Augustus 2022

Towerlantern
LESERSGESKENK



Om Towerlantern se 15 jarige bestaansjaar te herdenk, gee ons gedurende Augustus die geleentheid aan 3 (drie) lesers van Fotografienuus om teen 'n 20% afslag ons eerstevlak selfoonkamera-kursus (aanlyn) af te handel. Die prys is normaalweg R500 vir die kursus van 4 lesings. Gedurende Augustus is die prys dus R400.

Stuur 'n e-pos aan ons by johan@towerlantern.co.za vir volledige inligting. In die kursus kan jy verwag om meer te wete te kom oor die werking van jou selfoonkamera en ook om meer te leer oor komposisie by foto's. Ons hoor graag van jou.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2022 -

TOWERLANTERN FOTOGRAFIE *vier fees*

Towerlantern Fotografie vier aan die einde van vanjaar sy 15-jarige verjaarsdag. Neem nou al kennis daarvan.

As deel daarvan wil ons fotografe die geleentheid gee om in die Desember-uitgawe van Fotografienuus van hul beste foto's te publiseer. Dit sal nie 'n kompetisie-geleentheid wees nie, maar besef wel dat daar 'n perk op die aantal fotografe gestel sal moet word.

Ons nooi jou dus nou al uit om te bevestig dat jy 1, of hoogstens 2, foto's sal wil instuur. Dit is nie nodig om nou al iets te stuur nie, jy bespreek eenvoudig nou maar net jou plek. Daar sal geen onkoste wees nie.

Ons hoor graag van jou.



MENING GEVRA: Fotografienuus

Aan al ons lesers – nuwes en oueres – wil ons graag weer 'n slag verduidelik wat die bedoeling is met Fotografienuus. Maar ons wil bo alles hoor wat jou mening is. Stuur dus gerus 'n nota, selfs al verskil dit hemelsbreed van ons s'n.

Ons doen dit puntsgewys, vir maklike verwysing: Fotografienuus is bedoel

- ✓ vir die belang van 'n wye groep mense wat wissel van professionele fotografe tot amateur fotografe tot enige belangstellende;
- ✓ om 'n middel te wees om alle studente van Towerlantern maandeliks te bereik en sodoende kontak te behou;
- ✓ om semi-tegnies te wees, maar nie dat dit lesers afskrik nie;
- ✓ om algemene foto-hulp te gee in die vorm van riglyne en wenke;
- ✓ om foto-interessante te beskryf, waaronder reise na verre lande en ook geskiedkundige foto's;
- ✓ om op 'n hoë vlak van professionaliteit te wees betreffende taalgebruik (beslis Afrikaans) en uitleg;
- ✓ om ten diepste 'n Christelike siening op die werklikheid uit te beeld.

waardering
van

lesers

Phileen Lutge, fotograaf van die voorbladfoto van die Julie-uitgawe van Fotografienuus, skryf (na ontvangs van dié uitgawe):

"Ai, ek is heeltewel sonder woorde! DANKIE. Ek lief jou nuusbrieff, en die uitdagings wat jy gestel het. Ja-nee, ons moet ons hoese name in rat kry en dinge beginne doen."

Veronica Heersink van Kroonstad skryf:

"Baie dankie vir die nuusbrieff. Dit is altyd heerlik om te lees en te leer. En ek moet noem – jou reisafdeling is ongelooflik aansteeklik."

TYDLYN: MY FOTOGRAFIE-LEWE

Ons het in ons inleidingsartikel genoem dat dit goed kan wees om 'n slag terugwaarts na jou fotografie-lewe te kyk. Dié opmerking was nie net om iets te sê nie, maar ook om die saak werklik lewe te gee. Ons gesels dus nou verder hieroor en doen dit puntsgewys:

- Sit 'n rukkie rustig en dink terug waar jou fotografie-liefde begin het.
 - » Watter tipe kamera het jy gehad?
 - » Wie of wat was jou eerste "model"?
 - » Wat was jou fotografie-belangstelling in die verlede en wat is dit tans?
- Begin en skryf 'n paar items neer wat jou fotografie-lewe beskryf – van toe tot nou. Doen dit aan die hand van foto's wat jy het. Wees beskeie, en moenie te veel items neerskryf nie.
- Gaan verder en soek die foto's uit waarmee jy jou fotografie-lewe kan beskryf. Moet steeds nie te oorhaastig wees en te veel gedagtes loslaat nie.
- Skep 'n tydlyn-PowerPoint-aanbieding waarin jy meer detail beskryf as net die blote foto's. As jy hulp nodig het met die opbou van die aanbieding, gebruik die soekterm *powerpoint ideas timeline* vir idees op internet.

Kyk op die volgende bladsy vir my eie voorbeeld.

TYDLYN: MY FOTOGRAFIE-LEWE



Komeet Ikeya-Seki, 1965



Marthie de Klerk,
onverhoeds, 1970

Om 'n baie beskeie voorbeeld te gee, neem ek my eie fotografie-lewe in oënskou deur 'n paar hoof-items uit my fotografie-lewe te gee, en foto's om dit toe te lig:

- (Links & Onder)
Voor digitale tydperk: komeetfoto; verrassingsfoto.
- (Regs) Digitale tydperk: impressionistiese fotografie; idilliese tonele.



Namib-herinnering, April 2015



Elders, September 2015

Hoe fotografeer jy indrukke?

Hoe op aarde neem jy foto's van indrukke? En wat bedoel dit in elk geval? Dit is vr e wat jy moontlik mag vra – ook miskien t e jy in ons inleidingsartikel gelees het: "Foto's kan gebeur skerp terugbring; jou gedagtes daarenteen, is dikwels slegs indrukke, impressies. Hoe fotografeer jy indrukke?"

Jy sien sekerlik meermale 'n besondere toneel terwyl jy ry. Daar is geen geleentheid om te stop en dit af te neem nie. Al wat oorbly van die mooi toneel is jou herinnering. Jy stoor as't ware jou gedagtes as indrukke. Sou jy wel 'n mooi skerp foto van die toneel neem, is dit daarna 'n herinnering, maar dalk het die foto soveel detail dat jy tog nie die gevoel daarvan weergee nie. En die oomblik is verby.

Ons wil dus foto's neem wat die indruk, die impressie, gee van wat gesien is, nie die detail nie. Toegepas, sou dit beteken dat jy byvoorbeeld die uitdrukkings "die son skyn heerlik vandag" of "die lig is so mooi" of "die kleure van die middag is so treffend" wil afneem. Jy sal gou besef dit kos denke op 'n ander vlak.

Indrukke kan ook genoem word impressies en dit is presies wat in die kunsgenre "impressionisme" die bedoeling is – of dit nou skilderwerk of fotografie is.

Die skildery hierby van Nicky Chovuchovu wys dit presies. In plaas daarvan dat jy 'n presiese weergawe van die werklikheid sien, "stoot" jy saam met verwondering aan die *skorokoro*, die tjorrie.



Push Skorokoro

Met dank aan Nicky Chovuchovu

RIGLYNE

VIR IMPRESSIONISTIESE NATUURFOTOGRAFIE

KAMERA-INSTELLING: Die tegniek om 'n foto soos die voorbladfoto te kry, word beskryf. Ons neem aan jy het 'n soortgelyke toneel. Vir 'n begin word 'n driepoot aanbeveel.

TEGNIK: Volg die volgende werkwysie nadat die instellings gedoen is: Beweeg die kamera gedurende die 0,8 sekonde van die oop sluiser stadig op of af. Kontroleer die foto en gaan voort. Dit kos oefening. Neem 100 foto's; as 2 daarvan na jou smaak is, dan kan jy jouself 100% gee! Kontak ons gerus vir hulp.

TIPE LENS

Die standaard 18-55 mm lens of 'n 70-300 mm lens sal ideaal werk.

FORMAAT

Gebruik verkieslik landskap-formaat vir die natuurtoneel.

ISO

Begin met 'n lae ISO-waarde, naamlik 100. Moet dit nie verder verstel nie.

WITBALANS

Maak 'n gepaste keuse na gelang van die ligomstandighede.

FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Onthou komposisie-afsprake en fokus op die trefpunt.

SLUITERSPOED


Stel die sluiterspoed op 0,8 sekonde en moenie verder daaraan verstel nie.

LENSOPENING

Stel die lensopening met behulp van die linaal om 'n geskikte stelling te kry.

FYN FOKUSSERING

Kontroleer die fokussering en pas aan indien nodig.



ONS SONNESTELSEL IN FOKUS

Jupiter

Soos voorheen genoem, bestaan ons sonnestelsel uit 8 planete, wat jy dalk leer ken het deur middel van die rympie **Meneer Van As My Jas Sal U Nie (Pas)**. Van die son af gesien, in volgorde volgens afstand is die planete Mercurius, Venus, Aarde, Mars en dan Jupiter. Net soos Saturnus is Jupiter 'n gasreus en het dus nie 'n vaste oppervlak nie.



*Jupiter met sy Rooivlek,
Byron Moore (Britannica)*

Jupiter is 'n besonder helder planeet wat met die blote oog gesien kan word. Met behulp van 'n stabiele verkyker – en skerp oë – kan jy sommige van of al sy 4 grootste mane sien. Deur 'n redelike groot teleskoop is Jupiter baie fotogenies. As jy die planeet in die naghemel wil sien, kontak ons gerus.



Jupiter met sy helderste 4 mane

BRONNE:

<https://bit.ly/3zbMG2g> en 
<https://af.wikipedia.org/wiki/Jupiter>

Towerlantern Fotografie
- augustus 2022 -

VOLGENDE FOTOGRAFIEKURSUS


Towerlantern beplan 'n plaaslike fotografiekursus gedurende Augustus. Kom leer hoe om jou kamera te hanteer en hoe om mooi foto's te kry. Die besonderhede is soos volg:

Plek: Potchefstroom.

Datum: 4 Augustus 2022. Verdere datums sal by die eerste klas afgespreek word om almal te pas.

Tyd: 17:00 tot 19:30.

Prys: R1 000, afbetaling kan gereël word



Spring gou,
tyd is min!

Besonderhede: Die kursus bestaan uit 6 klasgeleenthede van 2½ uur elk. Baie tyd word ook aan praktiese werk gegee.

Samevatting van kursus: Komposisie, kleur, lig; lensopening, sluiterspoeë; ISO, beligting, ligmeting; fokussing, lense en fokale lengte, perspektief; mens-, sport-, stillewe-, landskap-, argitektuur-, reisfotografie; kreatiwiteit, abstrakte fotografie, blom-, makro-, argitektuur- en reisfotografie, kunsfotografie.

Benodigdhede: 'n SLR-kamera met basiese instellings soos sluiterspoeë, lensopening en ISO is 'n noodsaaklikheid. 'n Driepoot is nie absoluut noodsaaklik nie, maar word hoog aanbeveel.

Adres vir navræ: johan@towerlantern.co.za

Towerlantern Fotografie
- augustus 2022 -



OP INTERNET GESIEN

Omdat daar gereeld op radio en TV rugby, krieket, tennis en ander sportsoorte uitgesaai en gewys word, kan mens nie anders nie as om aan die fotografe te dink wat in die verlede ikoniese sportfoto's geneem het.

Die foto hierby is geneem toe Joël Stransky die wendoeël vir die Wêreldbeker Rugby geskop het. Die foto is geneem deur Kevin James.

In die boek "SA's 100 most famous sport photos" kan hierdie foto en nog 99 ander gesien word. Dit is beskikbaar by: <https://bit.ly/3zyvaX7>



Towerlantern Fotografie
- augustus 2022 -

'n Reis van Moskou na St Petersburg

Nettie van der Walt, Stellenbosch

Ek gesels hier oor 'n Rusland wat verras. 'n Land waarvan sy kultuur weerspieël word in sy pragtige kerke, paleise, letterkunde, musiek en museums. Hiervan is die beroemde Hermitage in St Petersburg 'n voorbeeld, waarin van die wêreld se beroemdste



Hermitage-museumkompleks, St Petersburg



Sergei Diaghilev

kunsskatte bewaar word.

Ons reis het in Moskou begin aan boord van die boot Sergei Diaghilev. Na drie wonderlike dæ in Moskou, vertrek ons via die Moskoukanaal en die Wolga na St Petersburg. Op die reis ervaar ons die Russiese platteland en doen by verskeie dorpies aan waar ons die vriendelike mense ontmoet met hul besondere handwerk en kerke. Die baie sluis waardeur ons moet vaar, is 'n vreugde vir die ingenieurs aan boord. Elkeen werk anders en elkeen word afgeneem.

Na al die interessante ervarings kom ons in St Petersburg aan, met sy baie kanale, ook genoem die Venesie van die Noorde.

Die stad het sy begin gehad op 'n eilandvesting, Sankt Pieter Burgh. As gevolg van sy strategiese ligging het Peter die Grote die stad ontwikkel nie net as 'n stad met baie vestings nie maar ook as een van die pragtigste stede in die wêreld. Sy ideaal was om mee te ding met die stede van Wes-Europa, veral Parys.

Om sy doel te bereik, het hy baie gereis om so van die hoofstede van die Weste te leer ken. Die resultaat van al sy reise is te sien in St Petersburg. Om die stad te waardeer en te fotografeer in al sy prag en praal, veral ook die Russiese argitektuur, is, 'n onmoontlike taak. Tog was die drie dæ waarin ons as toergroep die stad besoek het, onvergeetlik!

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern



St Petersburg, uit die lug

Towerlantern Fotografie
- augustus 2022 -



GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

Sint Petersburg in Rusland is een van die beroemdste – en mooiste – stede in Rusland, maar die ligging is dalk nie so bekend nie. Raadpleeg dus eers die kaart hierby voordat jy verder lees.

Sint Petersburg is 'n federale stad van Rusland en is geleë in die Noordwestelike Federale Distrik aan die Newarivier oos van die Golf van Finland.

As daar genoem word dat Sint Petersburg bekend staan as die “Venesië van die Noorde”, behoort jy, as besoeker en fotograaf, dadelik jou ore te spits. Die stad is gebou op 42 eilande in die Newa-delta en dit word met mekaar verbind deur meer as 400 brûe en baie kanale. Die stad is die produk van 'n grootskaalse stedelike bouprojek wat reeds in 1703 begin is.

Begin nou al spaar vir 'n vliegtuigkaartjie na Moskou en vandaar 'n bootvaart van 12 dæ via die Wolgarivier (soos op die kaart gewys) na Sint Petersburg.



KRY JOU REISBROJSURE HIER:

<https://bit.ly/3JabE6s>



VERDERE VERWYSINGS:

https://af.wikipedia.org/wiki/Sint_Petersburg

<https://bit.ly/3S57pNA>



NEEM 'N VIRTUELE REIS:

<https://youtu.be/70vW1qJrxLo>



Towerlantern Fotografie
- augustus 2022 -

OP INTERNET GESIEN

Baie fotografe wil graag hul foto's "retouch" nadat hulle dit geneem het. Of dit egter nodig is om dit te doen, is 'n ander dag se gesprek! Die vraag is wel wat is 'n goëdkoper of gratis alternatief vir Photoshop, want vir 'n amateurfotograaf kan dit nogal 'n duur uitgawe raak.

Op hierdie webblad is daar 'n vergelyking tussen verskillende programme wat dieselfde as Photoshop doen. Blaai dit deur en besluit watter een aan jou behoeftes voldoen.

Laat weet ons gerus – dit kan iemand anders dalk ook net help.
<https://bit.ly/3PE6AK3>




FOTO-UITSTALLING

Uitstalwyse:

- Plaaslik in Potchefstroom (Snowflake)
- Digitale aanbieding (YouTube)

Datum:

19-28 September 2022

Uitstallers:

Enige bedrewe fotograaf

Foto-onderwerp:

Alle genres

Keerdatum:

15 Augustus 2022

Onkoste:

R150, eenmalig, vir advertensie- en bemarkingsdoeleindes.

Keuringsproses:

- Stuur 10 landskap- of vierkant-formaat foto's (\pm 500 kB).
- Hiervan word 3 gekies vir die uitstalling (plaaslik of digitaal).
- Al 3 foto's word opgeneem in die digitale aanbieding.

Bankbesonderhede:


- Naam: JH de Klerk
- Bank: ABSA Spaarrekening; 3860 0850 242
 - Verwysing: 2022-uitstalling
 - Geen kontant asseblief

VAN WISKUNDE NA KUNS

Wiskunde lê baie naby aan kuns; of, as jy wil, kuns lê baie naby aan wiskunde. Een so 'n voorbeeld is dié van tessellasies.

Die maklikste manier om tessellasies te verduidelik is om te dink aan die bedekking van 'n vloer of muur met teëls. Dus, kyk in jou huis rond – daar móét teëls wees. Fotografeer dit. Begin dan om wyer om jou te kyk – winkelsentrums, uitstallokale, oral – en jy sal voortdurend tessellasies teëkom.

Die Nederlander, Maurits Cornelis Escher (1898-1972) is baie bekend vir sy tessellasies; wel op 'n ander vlak as die teëls in jou badkamer of toilet. Die foto hierby wys een van sy werke, en jy merk dadelik op dat dit wiskundig en kunssinnig is.



Escher, *Dag en nag*

Gebruik die soekterm "*master of tessellations escher*", gaan na "prente" en verlustig jou in sy werke. Dis eindeloos.

BRON:

https://af.wikipedia.org/wiki/M.C._Escher



FOTO- *idees*

Idee 1: Gee jou indrukke van 'n watertoneel (land of see).

FOTO- *idees*

Idee 2: Gee jou indrukke van 'n mistige / wasige / stowwerige landskap.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2022 -

FOTO- *idees*

Idee 3: Beeld die mooiheid van natuurlike rotskuns uit.

TowerLantern Fotografie
- augustus 2022 -

FOTO- *idees*

Idee 4: Skep 'n skilder-kunswerk van 'n sonsondergang met min detail, slegs kleure.

FOTO- *idees*

Idee 5: Beeld die mooiheid van kleurvolle rotse uit.

Touwerlantern Fotografie
- augustus 2022 -